Referaat voorlegging

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se jaarvergadering en jaarlikse simposium.
1 en 2 Oktober 2015
SIMPOSIUM TEMA:
DIE VERHOUDING /SPANNING TUSSEN GLOBAAL EN LOKAAL

Referaat titel: ***Kreatief Glokaal*** deur Pieter J Mathews
(samesmelting van Lokaal en Globaal (Glokaal) as die derde alternatief.)

Lokale simbole kan in ontwerpdissiplines deur globale invloede versterk word. Hierdie invloede verskeker tasbare uitkomste wat relevant en vernuwend is.

My visuele voorlegging poog om te illustreer hoe die teenstrydigheid of dualisme tussen globaal en plaaslik waarmee ons hedendaags gekonfronteer word, aangespreek kan word deur ‘n derde alternatief te ondersoek nl. samesmelting of sgn. *"fusion"* van plaaslik of lokaal en global tot Glokaal.

My huis se fondamente is stewig geplant of eerder gegiet in die lokale, hier waar ek bly en vandaan kom. Dus definieer die lokale wie, wat en waar ek is, terselfdertyd is die vensters van my huis wawyd oop ter uitnodiging aan globale winde en invloede uit al die windrigtings van die aarde. Sodoende kan ek hierdie inspirasie oes om die eie te versterk." Soos een van my gusteling ikoon argitekte, Gawie Fagan se pa HA Fagan gedig het: "Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –dit is ‘n rots waarop my huisie staan".

In al Gawie Fagan, modernistiese (nie modern) argitek, se ontwerpe word die plaaslike gevier en weergegee in `n moderne of kontemporêre idioom. Daar word nie aan òf die plaaslike òf die globale toegegee nie. As voorbeeld kan mens nog die vuurherd , skoorsteen en dik Kaapse muur erken in Fagan se kontemporêre ontwerpe.

My referaat handel oor die herinterpretasie van ons simbole in `n kontemporêre idioom: `n herwaardering en uiting van ‘n eie, lokale identitieit in `n globaal- verstaanbare taal. Hierdie taal kan dan ingespan word om positiewe energie in die *eie* en *historiese* te blaas en om plaaslike simbole lewend en toepaslik te hou.

Aan die hand van `n visuele en interaktiewe voorlegging, en met die hulp van die visuele disiplines van argitektuur, grafiese kuns, publieke- en installasiekuns, word die waarde van die *eie* in `n era van globalisasie benadruk. Daar sal spesifiek op skole en publieke ruimtes gekonsentreer word.

Projekte wat as voorbeelde- bespreek gaan word is:

- *Afrikaans Hoër Meisieskool Pretoria se wapen met Van Wouw se boerenooitjie, uitgevoer in kontemporere grafika.*
- *Die vernuwing van die kappie as pragmatiese kledingstuk o.l.v Rina Stutzer en die Affie dogters vir Cool Capital 2014.*
- *Die vestiging en versterking van tradisies, Windroos deur Willem Boshoff by AHMP.*

- *Laerskool Pretoria Oos en die modernisering van die Pierneef grafika (Viniel) vervat in hul skoolwapen. Dit maak ons simbole deel van die alledaagse.*

- *Hoërskool Waterkloof se skoollied deur SL Pretorius gegiet in beton. Ons taal word tipografie, patroon en tekstuur in die argitektuur en so word die taal `n ontwerp element.*

- *Mathews en Genote se TRT-stasie op Kerkplein, nml. "The Memory box" en die kunswerk van Jan van der Merwe.*

- *Die vernuwing van die Voortrekermonument ikonografie deur Louis Minnaar d.m.v . Bollywood/Ndebele grafika vir Cool Capital.*

- *Die Koeksister word as simbool argitektonies uitgevoer in die taal van die globale tendens van dekonstruksie en geïnspireer deur die Iranees-gebore Londenaar Zaha Hadid. Hier word parametriese ontwerp tegnologie ingespan.*

- *Diane Victor, die internasionaal gerekende kunstenares en haar werk "let sleeping ghost lie" van Paul Kruger in die stof van die TPA gebou. 'n Vernuwende medium nl. stof word ingespan en verfilm met o.a Gopro kamera.*

- *Sybrand Wiechers wat met sy bal- en-klou- snorbankie `n deernisvolle terugblik gee op Pretoria se staatsdiens aspirasies en simbole. Hierdie ontwerp is uitgevoer m.b.v. innoverende "waterjet" beton snytegnologie.*

- *Die kontemporêre ontwerp van die Afrikaanse Hoër Seunskool se nuwe Musieksentrum saam met die werk van Strijdom van der Merwe.*

'n "*Glokale"* aanslag kan ons identitiet nèt verryk, dit elasties maak en nuutskeppings aanspoor. Dit sal verder verseker dat niks wat ons doen staties bly nie.` n Kreatiewe aanslag is die beste raamwerk vir ewewig tussen die lokale en globale.

My ondervinding as brugargitek het my geleer dat die struktuur van 'n brug sal disintegreer as daar nie toegelaat word vir 'n mate van beweging en dinamika nie. Elastisiteit is die oplossing vir spanning, en dit is presies hoe ons met ons kultuurskatte moet omgaan.

Daar was nog nooit in die Afrikaner se geskiedenis so `n bloeitydperk in die ontwerp en visuele dissiplines uit eie bodem nie. Miskien is die globale druk en rukwinde net wat ons nodig het vir inspirasie en aansporing.

Die tyd vir skaam wees vir wie en wat ek is of waar ek vandaan kom is verby in die globale arena. So ook behoort die tyd om lokaal voorgeskryf te word oor hoe en wat `n Afrikaner is tot die verlede.

Woordtelling swart = 326; Woordtelling blou = 402